

**12 Maart**

**Skrifgedeelte: Galasiërs 5:13-26**

**Fokusgedeelte: Galasiërs 5:13-16**

### **Laat jou lewe beheers word deur die Gees**

Die daaglikse rykdom van Pinkster is dat ons ons lewens deur die Heilige Gees moet laat lei en beheers. Om jou te *laat lei en beheers deur die Gees* het alles te doen met die verlossing wat ons deur die geloof in Christus het. Hy het ons immers vrygemaak van die sondeskuld en ook van die mag en houvas van die sonde en ons sondige natuur. Dit hou in dat ons volgens Romeine 6:6 nie langer meer slawe van die sonde is nie. Christus het ons vrygemaak en daarom kan 'n gelowige nou "nee!" sê vir die sonde. Ons leef elke dag op 'n slagveld waar die sondige natuur 'n mens na sy kant toe aantrek. Lynreg teenoor die sondige natuur met sy begeertes en nukke staan die Gees en sy wil. Ons kan dus nie sommer net doen wat ons wil en voel nie, maar ons moet kies en reg kies. Hoe kies ons reg? Eerstens moet ons weet dat wat die Gees wil, nie dieselfde is as wat ons sondige natuur wil nie. Tweedens moet ons daadwerklik die stryd aanknoop teen ons sondige natuur en sy praktyke en dit doodmaak (Kol 3:5). Derdens moet ons ons daadwerklik besig hou met die dinge van die Gees en – in die woorde van Galasiërs 6:8 – op die akker van die Gees saai en so die Here deur sy Gees in ons laat werk. Gereelde Bybellees en getroue kerkbesoek is dus nie sommer net gewoontes nie, maar om op die akker van die Gees te saai. So sal ons lewe al hoe meer beantwoord aan die wil van God, en sal ons dit nie as 'n las nie, maar as 'n vreugde beskou dat die Gees in bevel en beheer is!

*Sing: Psalm 119:57 Ds DHP Wijnbeek (Steynsburg)*